

Maandag

Mat. 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. Teks Rom.5: 3,4. “Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.' Verdrukking in hierdie wêreld skep in ons hoop, nie wanhoop nie. Paulus kondig in die teksvers aan dat Christene oor hulle verdrukking jubel. Dit beteken innig bly wees. Innig bly oor verdrukking in die wêreld omdat deur hierdie verdrukking alles gebeur wat in ons hoop op ons toekoms skep! Wat Paulus aankondig is totaal teenstrydig met alles wat gewone mense as hoop sien en glo! Vir gewone mense is hoop die verwagting dat ons van verdrukking in hierdie wêreld bevry sal word: politieke en ekonomiese onderdrukking, sosiale onderdrukking deur ons eggenote, ouers en kinders. Vir hierdie tipe hoop om van verdrukking in hierdie wêreld bevry te word, is daar al 'n spesiale geloof geskep wat genoem word die teologie van hoop. Hierdie wangelooft deursuur elke deel van ons eie samelewing nou al só dat omtrent elke mens hom/haarself nou as een of ander onderdrukte wat van verdrukking bevry moet word, sien. Hierteenoor verklaar Paulus dat Christene nie swaarmoedige, beklemde en bevange mense is wat deur verdrukking nie hulle self kan wees soos hulle bedoel is om mens te wees nie. Christene jubel in hulle verdrukking in hierdie wêreld want dit is die proses waardeur hulle hul volle bestemming en bedoeling as mens bereik. Verdrukking bewerk in Christene volharding, wat oorgaan tot beproefdheid wat weer oorgaan tot hoop. Dit is die kontras tussen ongelowiges en gelowiges. Vir die WÊRELD (die ongelowiges) bring verdrukking wanhoop as hulle nie van verdrukking bevry word nie. Vir GELOWIGES bring verdrukking alles wat hoop binne in hulle skep! Hierdie wêreld moet van verdrukking verlos word om hoop te kry, maar die kerk kry sy hoop deur die verdrukking wat hulle in hierdie wêreld ervaar. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag.

Mat. 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. Teks Rom. 5: 3,4. “Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.' In Rom. 5:3,4 is Paulus besig met die drie woorde waarmee hy van sy eerste brief, 1 Tessalonisense (verse 2-3) tot en met sy laaste brief, Romeine, die volle verlossing deur Jesus Christus saamvat: geloof liefde en hoop. Hy som die volle verlossing in 1 Kor.13:13 ook só op: “En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie – maar die grootste hiervan is die liefde.” In Rom. 5 is dit ook die 3 sake wat ons laat jubel in verdrukking:

1. Die geloof waardeur God ons in sy genade laat vasstaan,
 2. die hoop om aan die heerlijkheid deel te hê waarvoor Christus ons bestem en
 3. om vervul te wees met die liefde van God wat in ons harte uitgestort is.
- Die geloof en liefde waarvan ons deel is, wys ons dus wat is die tipe hoop wat van

verdrukking in die wêreld net 'n proses maak waarin ons van ons toekoms verseker is. Dit is dié tipe hoop wat deel is van die geloof in en liefde deur die evangelie! Die geloof is altyd die geloof in Hom wat ons toegang gee tot hierdie genade waarin ons vasstaan! (Rom.5:2) Dit is die geloof in Christus, dat ons ten spyte van elke sonde wat ons doen, vir God altyd reg en regverdig is. (Rom. 3: 28) Altyd reg en regverdig vir God, nie omdat ons gehoorsaam is, soos ons volgens sy wet gehoorsaam moet wees nie, maar omdat God ons regverdig máák deur ons in te sluit in die regverdigheid van Jesus Christus. In hierdie geloof weet ons dat ons en ons diens, ons goeie werke vir God is deel van die sinvolheid van die nuwe skepping en nie meer deel van die sinloosheid van hierdie wêreld nie. (Rom. 8: 20; Efe. 2: 10) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. Teks Rom. 5: 3,4. “Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.' Christene is bly in verdrukking want dit maak hulle liefde beproefde liefde. Paulus stel dat God sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. Christus stort hierdie liefde in ons harte uit ín verdrukking, nie eers na ons van verdrukking bevry is nie. Ín politieke, ekonomiese, godsdienstige en persoonlike verdrukking deur die sondes van jou geliefdes, maak Hy jou deel van sy liefde, en laat Hy jou liefde vir Hom volmaak wees ten spyte van al die gebreke daarvan. Alle verdrukking wat God oor ons beskik laat Hy vir ons ten goede werk vir hierdie liefde waarin Hy ons vashou. (Rom. 8: 28) Niks in enige verdrukking kan hierdie liefde van ons wegvat, minder maak of vernietig nie. In hierdie liefde is ons klaar deel van die volle bedoeling van die skepping en verlos van die sinloosheid waaraan die skepping onderwerp is. (Rom. 8: 20) Verdrukking maak hierdie liefde beproefde liefde waarin ons nooit verdrukters se onderdrukte kan wees nie. Verdrukking onderdruk alle selfbehepte liefdes, soos liefde vir geluk, sukses, gemak, welvaart, genot en gemoedelikheid. Wie vir hierdie liefdes leef, word regtig deur verdrukking onderdruk in hírdie liefdes, maar die liefde wat GóD in ons harte uitstort kan nooit onderdruk word nie. Daarom maak verdrukking hierdie liefde net beproefde liefde, liefde waarin alles, ook alle verdrukking ten goede meewerk. Daarom is gelowiges in hierdie liefde verdruk maar nooit enige verdrukker se onderdrukte nie, wat kamstig eers deur God of geestelikes van verdrukking bevry moet word nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Mat. 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. Teks Rom 5: 3,4: “Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.' Mense sê baie: “Ons sien nie meer hoop nie”, bedoelende dat hulle geen einde aan hulle verdrukking sien nie, en

daarom geen toekoms meer sien nie. Hierteenoor stel Paulus:

1. Hoop wat gesien word, is nie regtig hoop nie (8:24) en
2. ons hoop is om met vaste sekerheid te wag op wat ons nie sien nie.

Christelike hoop is ons vaste sekerheid dat die Here ons met sy wederkoms sal laat deel wees van sy nuwe skepping - sonder verdrukking. Ons sien ons verdrukking tot die wederkoms as deel van die besluit wat God in Genesis geneem 3: 17: "Vervloek is die aarde deur jou toedoen", wat Paulus noem 'onderwerp aan 'n sinlose bestaan (Rom. 8: 20). Die Here self het sondaars in sy skepping aan verdrukking onderwerp, maar Hy het hulle nie hul bekwaamheid of bevoegheid om oor die skepping te heers te ontnem nie. Vryheid van verdrukking sal die Here self eers bewerk in sy NUWE SKEPPING - nie enige magtige of geestelike voor die tyd nie. Maar... tot d n egter leef gelowiges reeds in die sekerheid dat hul goeie werke en liefde is deel van die nuwe skepping wat kom. Hierdie goeie werke en liefde wat ons klaar ontvang het binne verdrukking, gee ons die vaste hoop op die toekoms deur alle verdrukking heen – ons lewe  s deel van die toekoms: die nuwe skepping van die Here. Daarom gee ons onself nie in wanhoop oor aan die mag van ons verdrukkers met 'n tipiese Stockholm-sindroom nie, nl ons enigste toekoms is om soos ons onderdrukkers te wees! Christene leef vry van enige magsromantiek (soos byvoorbeeld die huidige Afrika-romantiek). Hulle leef met die vaste hoop op die ewigheidswaarde van ons diens en liefde vir die Here DEUR verdrukking heen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Mat. 5: 1 – 11; 8: 18 – 28. Teks Rom. 5: 3,4. "Ons jubel ook oor ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerk volharding; en volharding lei tot beproefdheid en beproefdheid tot hoop." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Deur verdrukking vorm Christus in ons hoop op ons heerlijkheid.' Christelike hoop werk soos die hoop waarmee boere aanhou boer. Vir 'n jongmens is die besluit om te wil boer 'n keuse om jou hele lewe lank vrywillig en gelukkig in verdrukking te leef, want jy sal beslis met knellende droogtes verdruk word. Jy gaan lewenslank met peste verdruk word, deur moordenaars bedreig en rowers besteel word, verdruk word deur arbeiders wat vir al minder werk al meer geld wil h  en jou teister met werksgedinge, en gereeld verdruk word deur korrupte agente wat hulle uit jou oeste gaan verryk. Jongmense kies om drie redes vrywillig vir hierdie verdrukking: geloof, liefde en hoop:

1. hulle glo dat hierdie lewe om te boer, is net die regte soort lewe, 'n lewe waar dit net jy en jou Skepper is sonder enige base oor jou;
2. hulle is met liefde toegewyd aan die produk waarmee hul besig is, kos uit die aarde, en
3. weet verseker en wag in hierdie lewenswyse en liefde in die vaste hoop op die heerlijkheid om eendag 'n selfstandige boer met 'n eie spogplaas in volle produksie te wees.

Daarom is verdrukking in hierdie lewe hulle vreugde. Net so leef Christene...

1. met die volhardende geloof in en deur verdrukking dat hulle is met die regte en goeie lewe vir en saam met hul Skepper besig;
2. hulle ken die waarde en is toegewyd aan die produk waarmee hulle besig is, die

liefde van en vir God, en

3. hulle het die vaste hoop dat hierdie geloof en liefde is die die toekoms waarin hulle die heerlijkheid van 'n nuwe aarde in en deur Christus sal beërf.

In geloof, liefde en hoop is verdrukking ons vreugde en trots, en kan dit ons nooit só verneder word dat ons soos

- * arbeiders

- * vryheidsvegters,

- * menseregtevegters,

- * onderdruktes

- * of gevangenes

teen of van ons verdrukters word nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.